

Die GHA se taakstelling, soos opgestel in 1994.

Dit word elke dag duideliker dat daardie magte wat dwarsdeur ons geskiedenis telkens probeer het om die Afrikanervolk te vernietig, nie hulle doelstellings laat vaar het nie. Hulle wil ons reduceer tot 'n magtelose groep mense wat geen trots meer in hulle eie taal, hul eie geskiedenis en heldedom sal hê nie.

Daarom het dit dringend noodsaaklik geword dat die Afrikanervolk in die huidige tydsgewrig weer die vaandel vir Afrikaans met vasbeslote wil en doelgerigtheid sal opneem. Afrikaners moet saamstaan om te veg vir dit wat die onvervreembare besit van ons volk is: ons taal, Afrikaans!

DIE GENOOTSKAP VIR DIE HANDHAWING VAN AFRIKAANS roep alle Afrikaners op tot 'n beweging vir Afrikaans, 'n beweging wat verbeeldingryk en doelgerig sal werk om ons taal in ons vaderland na nuwe hoogtes te voer, 'n beweging toegewy aan Afrikaans, met die wil om ons taal op elke lewensterrein en in elke samelewingskring te handhaaf.

Die GHA roep volksgenote op om te verklaar dat ons weier om ons taal te laat onderploeg, en dit te laat vernietig deur Afrikaans in 'n multikulturele en veelrassige mengelmoes van kulture te laat verstik. Die GHA vra alle Afrikaners om saam met ons die volgende te betuig en na te streef:

1. Afrikaans, as ons moedertaal, is ons hoogste trots en eer. Enige aantasting van Afrikaans is 'n aantasting van die selfrespek van die Afrikanervolk. Afrikaans is die uitdrukking van die lewende siel van ons volk. Dit gee uitdrukking aan wat ons is en wat ons deur eie kulturele inspanning verwerf het; en dit kan nie losgemaak word van die grondslae van Afrikanernasionalisme nie. Ons taal en ons nasionalisme is een en dieselfde saak.
2. Afrikaans is nie allemansgoed wat bloot diens doen as 'n kommunikasiemiddel nie. Dit is 'n kultuurtaal waarin die hoogste belewenisse in die lewe van ons volk uitgedruk kan word – in die godsdiens, die wetenskap, die letterkunde, die wysbegeerte, die ekonomie, die onderwys, die politiek en die staatkunde.
3. In die Afrikaanse prosa, drama en digkuns is kunswerke gelewer wat met die beste in die wêreldliteratuur vergelyk kan word. Die gees van Afrikanernasionalisme kan nie losgemaak word van die kuns nie. Nasionalisme beïnvloed en inspireer die letterkunde in talle opsigte. Die jeug van ons volk moet weer aangemoedig word om alles wat verheffend en veredelend in ons letterkunde is, te koester en te waardeer. In 'n gesindheid van trots op Afrikaans kan die doelpale vir ons taal op die terrein van die kunste ver en hoog uitgeskuif word. In stede van populêre vervlakking in ons letterkunde, moet daar 'n verinniging en 'n verdieping kom.
4. Ons Afrikaanse skole, opleidingsinstellings vir tegnologie, onderwyskolleges en akademiese universiteite is voortreflike Afrikaanse inrigtings wat met die geld, toewyding en opoffering van Afrikaners opgebou is. Afrikaans se rol as opvoeding- en opleidingstaal moet opnuut beklemtoon word. Dit is die begin na nuwe hoogtes vir Afrikaans in die toekoms. Verslap Afrikaners op hierdie terrein, word die toekoms van Afrikaans vermoor. Tussen onderwyser en skolier, tussen dosent en student moet daar 'n gemeenskaplike band wees: naamlik ons taal, Afrikaans!

5. Afrikaans het in die handel en die ekonomie groot prestasies behaal, maar word reeds sedert die sewentigerjare al meer misken en op die agtergrond geskuif, veral deur sekere groot maatskappye wat saam met volksvyandige magte werk om Afrikaans sy regmatige plek te ontsê. Engels word eensydig en onregverdiglik bo Afrikaans bevorder om sodoende as 'n gemeenskaplike taal vir bemarking en winsbejag te dien. Die Afrikaner se kapitaal, sy arbeid, sy vakmanskap, sy wetenskaplike kundigheid en sy bestuursvernuf word deur die maatskappye benut, maar die Afrikaner se taal word in 'n ondergeskikte posisie ingedwing. Ons verwerp hierdie onregverdige behandeling en roep Afrikaners op om in die ekonomie en die handel slaaploos te waak oor die regte van Afrikaans.
6. Op straat, in restaurante en hotelle, in hospitale en klinieke, in winkels en koop-sentrums moet Afrikaans onbeskroomd gebruik word, en moet Afrikaners daarop aandring om in hulle eie taal bedien te word. 'n Taal leef en groei wanneer dit spontaan gebruik word in die alledaagse omgang. Ons moet aandring daarop dat ons reg om te koop, saamval met ons reg om Afrikaans te gebruik. Ons geld moet ook Afrikaans praat.
7. Die keurige en korrekte gebruik van Afrikaans in die huisgesin is uiters belangrik. Afrikaanse media, soos die Afrikaanse radio, -tydskrifte en -boeke, moet tussen ons voorkeur geniet. Selfs in die godsdiensoefening moet Afrikaans versterk en gehandhaaf word. Dit gaan nie in die eerste plek vir ons daaroor om die getal sprekers te vermeerder nie, maar om die suiwer en keurige gebruik van Afrikaans te bevorder. Dit gaan daaroor dat Afrikaans rondom die huisaltaar as 'n hoë geestelike- en kulturele erfenis gekoester moet word, dat dit vir ons 'n lewende rykdom sal wees, wat nie verkwansel mag word nie.
8. Ons weier om ons te laat bang praat oor ons taalregte, sodat ons teruggedruk word in ons eie vaderland tot 'n posisie waar daar om Afrikaans gebedel moet word. Vir hierdie reg is ons bereid om te veg tot die bittereinde. Want, wie veg vir sy taal, veg vir sy volk. En wie veg vir sy volk, veg ook vir sy taal.
9. Ons verklaar ondubbelsinnig dat Afrikaans 'n nasionale, amptelike taal in die Republiek van Suid-Afrika moet bly. Afrikaans mag nie gereduseer word tot net een van elf streekstale nie. Afrikaans se reg strek oor die hele Suid-Afrika. Omdat dié reg misken word deur die vyande van die Afrikanervolk, word 'n nuwe taalstryd aan ons opgedwing. Ons aanvaar die uitdaging as 'n gulde geleentheid om te bewys dat Afrikaners oor die wilskrag en die daadkrag beskik, om so 'n stryd te wen.
10. Afrikaans moet weer die polsende draer van die Afrikaans-nasionale ideaal word, van die wil van ons volk om homself in sy eie vaderland te betuig as die kern van die Blanke nasie en die Blanke Christelike beskawing aan die suidpunt van Afrika. Dit is die betekenis van die volkswording van die Afrikaner deur drie en 'n halwe eeu van volgehoue stryd. Laat ons Afrikaans opnuut verhef tot 'n kosbare skat in ons volkslewe, sodat die inspirasie daarvan sal uitgaan na die jonger geslagte, en sodat ons volk ook uit sy taal –soos uit sy godsdien en sy nasionalisme – die krag sal put om te stry, om te handhaaf en te oorwin.